

Storie

Die drie bakkies

Eendag was daar drie bakkies – 'n groot bok, 'n middelslagbok en 'n klein bakkie. Hulle het bo-op 'n hoë heuwel gewoon. Die drie bakkies het daarvan gehou om gras te eet, maar op die heuwel waar hulle gewoon het, was daar baie min gras. Die gras was kort en bruin.

Op 'n dag kyk die kleinste bakkie na die heuwel aan die ander kant. Daardie heuwel is met lang, groen gras bedek. "Kyk, die gras aan die ander kant is lank en groen. As ons soontoe gaan, sal ons nie meer honger wees nie. Kom ons gaan!"

Om by die heuwel aan die ander kant te kom, moet hulle oor 'n brug gaan. Maar daar is 'n probleem. Weet julle wat die probleem is? Ek sal vir julle sê. Daar is 'n skelm, 'n kwajong, wat onder die brug woon. Hulle noem hom 'n trol. Hierdie groot, nare ou trol wil die bakkies eet.

Die klein bakkie gaan eerste oor die brug, trip-trap, trip-trap. Die trol sê in sy harde, growwe stem, "Wie loop so trip-trap oor my brug?" Die klein bakkie sê, "Dis ek, die klein bakkie". Die trol antwoord, "Ek kom jou opeet". Die klein bakkie sê, "Moet my nie eet nie; ek is te klein. Wag vir die volgende bakkie – sy is baie groter". Toe sê die dom ou trol, "Nou toe, weg is jy; ek sal vir die volgende een wag".

Toe kom die middelslagbakkie oor die brug geloop, trip-trap, trip-trap. Die groot, nare ou trol sê, "Wie loop so trip-trap oor my brug?" Die

middelslagbakkie sê, "Dis ek, die middelslagbakkie". Die trol antwoord, "Ek kom jou opeet". Die middelslagbakkie sê, "Moet my nie eet nie. Wag vir die groot bok – hy kom na my". "Gmff," sê die groot, nare ou trol. "Nou toe, weg is jy; ek sal vir die volgende een wag."

Toe kom die groot bok oor die brug geloop, TRIP-TRAP, TRIP-TRAP. Die groot, nare ou trol sê, "Wie loop so trip-trap oor my brug?" Die groot bok sê in sy harde stem, "Dis ek, die GROOT BOK". "Ek kom jou opeet!" sê die groot, nare ou trol.

"Nou toe, kom, ek wag vir jou!" sê die groot bok. En toe sê hy, "Vir my kan jy nie eet nie; dit is mos 'n lieg. Met my twee reusehorings sal ek vir jou leer vlieg!"

"Vir my kan jy nie eet nie; dit is mos 'n lieg.
Met my twee reusehorings sal ek vir jou leer
vlieg!"

Toe gooi die groot bok die trol in die lug op sodat hy met 'n KAPLAKS in die water beland! En dit was die einde van die groot, nare ou trol. Die drie bokkies het die lang groen gras geëet en lekker vet geword. En hulle het lank en gelukkig saam gelewe.

Fluit-fluit, my storie is uit!

Die storie van die drie bokkies het 'n struktuur wat, baie soos dié van Gouelokkies, op herhaling gebaseer is. Selfs die kinders vir wie die storie nuut is, sal die woorde vinnig kan leer. Moedig hulle aan om die woorde saam met jou te sê of dit te herhaal nadat jy dit gesê het. Sê die kinders só voor: "Die groot, nare ou trol sê ... wat het die groot, nare ou trol gesê? Ja! 'Wie loop so trip-trap oor my brug?'" Moedig die kinders aan om 'n bangmaakstem te gebruik.

